BORAN GENOOTSKAP

WAT
TELERS
MOET
WEET

BORAN GENOOTSKAP – WAT TELERS MOET WEET

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy nommer
1.	**DOEL VAN 'N GENOOTSKAP**	3
2.	**DOEL VAN SA STAMBOEK**	3
3.	**BESKRYWING VAN KUDDEBOEK**	3
3.1	**Hulpstamboek Afdelings**	3
3.1.1	Hulpstamboek A	3
3.1.2	Hulpstamboek B	3-4
3.1.3	Hulpstamboek C	4
3.2	**Volgeregistreerde Afdeling**	4
	Opgradering vind as volg plaas	4
4.	**KUDDEKENMERK (BRANDMERK)**	4-5
5.	**IDENTIFIKASIE**	5
6.	**GEBOORTE AANMELDINGS**	5
	Leen Bul	5-6
	Kalf wat saam met moer aangekoop is	6
7.	**KUNSMATIGE INSEMINERING (KI)**	6
	Ander belangrike aspekte	6
8.	**AANMELDING VAN EMBRIO KALWERS / INVITRO OORPLANTINGS**	6
9.	**DRAGTIGHEIDS- EN INTERKALFPERIODES (TKP)**	6
10.	**VEILINGS**	7
11.	**INSPEKSIES / KEURINGS**	7
12.	**OORDRAGTE**	7-8
13.	**DEREGISTRASIE EN HERINSTELLING VAN DIERE**	8
14.	**GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE**	8
15.	**BEDANKING EN SKORSING VAN LEDE**	8
15.1	**Bedanking van Lidmaatskap**	8
15.2	**Skorsing van Lede**	9
	BYLAES	
	VOLTOOI VAN GEBOORTEKENNISGEWINGSBOEK	10

SA STAMBOEK

INHOUDSOPGAWE

1.	**PRODUKSIE-AANTEKENINGE BY SA STAMBOEK LOGIX VLEIS**	11-15
	Wat is produksie-aantekeninge	
	Wat is die doel van bogenoemde	
	Verskillende stadiums van produksiemeting	
	Wie neem deel aan produksie-aantekeninge	
	Watter gewigte is verpligtend	
	Wat word van telers verwag	
	Verslae beskikbaar op Logix	
	Voordele van produksie-aantekeninge vir Telers	
	Kontak Besonderhede	
2.	**KUDDE BESTUUR PROGRAMME**	16

WAT TELERS MOET WEET

(LET WEL : Hierdie is slegs 'n kort opsomming van die belangrikste aspekte waarvan nuwe telers moet kennis neem. U word steeds gemaan om die Grondwet, Verordeninge en die Handleiding vir Stoettelers noukeurig deur te gaan.)

1. DOEL VAN 'N GENOOTSKAP

Die Genootskap is heel moontlik een van die belangrikste organisasies vir die stoetteler.

'n Telersgenootkap kan omskryf word as 'n organisasie van telers van 'n spesifieke ras wat die belange van daardie ras op die hart dra en dit op so 'n wyse bestuur dat die kenmerke van daardie diere die maksimum voordeel teweeg sal bring vir die telers en eienaars.

2. DOEL VAN SA STAMBOEK

SA Stamboek se missie is om genetiese verbetering van diere in SA te bevorder. Hul visie is om voortreflike plaasdiere te ontwikkel en vestig in die bedryf. Die doelwitte met betrekking tot hul missie en visie word bereik deur die registrasie en aantekening van geboorte- en eienaarskapinligting van suiwergeteelde diere.

3. BESKRYWING VAN KUDDEBOEK

'n Kuddeboek is 'n register waarin al die besonderhede van diere van 'n ras aangeteken word en bestaan uit :

3.1 Hulpstamboek Afdeling

3.1.1 Hulpstamboek A

- Enige vroulike dier waarvan bewys van oorsprong gelewer kan word en wat die eienskappe van 'n Boran vertoon en voldoen aan die vereistes van die Genootskap en goedgekeur word deur 'n Inspekteur mag in Hulpstamboek A opgeneem word.
- Slegs volgeregistreerde (SP bulle) en tot en met 31 Desember 2015 bulle wat in Afdeling C van die Hulpstamboek van die kuddeboek aangeteken is, mag gebruik word om Hulpstamboek A vroulike diere te teël.
- Slegs vroulike diere kan in Hulpstamboek A geregistreer word.
- Vroulike nageslag van Hulpstamboek A mag geregistreer word sonder vaderskap DNA bevestiging.

3.1.2 Hulpstamboek B

- Die vroulike nageslag van Hulpstamboek A vroulike diere en volgeregistreerde of bulle wat in Afdeling C van die Hulpstamboek van die Kuddeboek aangeteken is , sal vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling in aanmerking kom.

- Slegs vroulike diere kan in Hulpstamboek B geregistreer word.

3.1.3 Hulpstamboek C

- Die nageslag van Hulpstamboek B vroulike diere en volgeregistreerde (SP bulle) sal vir registrasie in Afdeling C van die Kuddeboek kwalifiseer tot en met **31 Desember, 2015**.
- Indien paring tussen C-vroulike en C-manlike diere sou plaasvind, sal die nageslag steeds Hulpstamboek C bly. Die nageslag van Hulpstamboek C-bulle en Hulpstamboek C vroulike diere sal in Hulpstamboek C aangeteken word.

Die gebruik van veelvuldige vaars in alle afdelings van die kuddeboek is aanvaarbaar, mits die ouerskap van die nageslag deur middel van DNS toetse bevestig word.

3.2 Volgeregistreerde Afdeling.

- Nageslag van Hulpstamboek C vroulike diere en volgeregistreerde (SP) bulle of volgeregistreerde vroulike (SP) diere en C-bulle sal vir hierdie afdeling in aanmerking kom.
- Volgeregistreerde bulle wat by inspeksie afgekeur word, sal nie afgegradeer word na Hulpstamboek C nie, maar moet verkieslik geslag word.
- Hulpstamboek C-bulle wat uit Hulpstamboek B vroulike diere verwek is deur 'n volgeregistreerde bul.
- DNS van SP en C-bulle as vaars van alle volgeregistreerde (SP) en Hulpstamboek diere moet voorsien word.

OPGRADERING VIND AS VOLG PLAAS :

VERS / KOEI	BUL	UITKOMS
Kommersieël	SP of C	Hulpstamboek A Slegs vroulike diere
Hulpstamboek A	SP of C	Hulpstamboek B Slegs vroulike diere
Hulpstamboek B	SP	Hulpstamboek C
Hulpstamboek C	C	C
Hulpstamboek C	SP	SP
SP	SP of C	SP

ALLE DIERE MOET TYDENS INSPEKSIE GOEDGEKEUR WORD.

4. KUDDEKENMERK (BRANDMERK)

- Kuddekenmerk mag nie meer as vier spasies of karakters beslaan en moet uit letters bestaan.
- Alle lewendie diere waarvan die geboortes aangemeld is en wat vir keuring aangebied word, moet permanent geidentifeer wees met die kuddekenmerk, verkorte jaartal en volgnommer.
- Die jaarsyfer sal bestaan uit die laaste twee syfers van die jaar waarin die dier gebore is.
- Die volgnommer mag nie vier karakters oorskry nie.

KKM - Kuddekenmerk
14 - Jaartal waarin dier geboore is bv. 20**14**
0001 - Volgnommer van geboorte van dier.
Voorbeeld :
KKM 14-0001 – Dus, eerste kalf wat in 2014 gebore is
KKM 14-0002 – Tweede kalf wat in 2014 gebore is, ens.

5. IDENTIFIKASIE

- Kalwers mag nie later as 12 maande na geboorte gebrand word nie.
- Indien kalwers te jonk is om gebrand te word, moet die dier met 'n oorplaatjie gemerk word.
- Indien 'n teler 'n fout maak met die brandmerk, moet die Genootskap skriftelik in kennis gestel word. Die teler mag onder geen omstandighede die brandmerk regmaak en verander nie. Die Raad sal 'n keurder uitstuur om tesame met die teler die nodige restelling te doen. (Neem ook kennis dat geen ander brandmerk op die dier aangebring mag word nie. So 'n dier sal onmiddellik gekanselleer word.)
- In die verlede, by goedkeuring van inspeksie, is 'n "diamant" op die skof van die dier gebrand. Dit is egter nie verpligtend nie.

6. GEBOORTE KENNISGEWINGS

- Die Geboortekennisgewingboek moet so volledig moontlik voltooi word en deurgestuur word na Ivonne van Tonder by Stamboek : Ivonne@studbook.co.za. (Sien voorbeeld van Geboortekennisgewing – bladsy : 10)
- Indien 'n normale dekking plaasgevind het, moet die kalf wat gebore is, binne 90 dae/3 maande geregistreer word. Indien dit nie gedoen word nie, sal die teler 'n boete betaal vir laat registrasie.
- Die vaar en moer van die kalf moet ouer wees as agt (8) maande tydens dekking.
- Alle geboortes, hetsy lewendig of dood gebore, moet aangemeld word. Dit sluit ook aborsies in, maar word die aborsie slegs as 'n geboorte gereken na sewe (7) maande dragtigheid. Hierdie aborsie sal in berekening gebring word vir die TKP(tussen kalf periode) van die moer.
- In die geval van 'n dier wat *in utero* ingevoer is moet die geboortekennisgewing vergesel wees van 'n sertifikaat wat behoorlik geteken is deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms en waarop aangedui word dat:
    - die identifikasie van die vader, soos op die dokumente aangedui, korrek is; en
    - die vader aan die produksie- en ander vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.

Leen bul :

Wanneer een teler aan 'n ander teler 'n bul leen om die koeie te dek, moet die teler wat die geboortekennisgewing aanmeld ook aan Stamboek 'n skrywe voorsien waarin die eienaar van die bul bevestig dat hy die bul uitgeleen het. Die skrywe moet die volgende inligting bevat:

- Eienaar van bul se besonderhede
- Bul se besonderhede
- Besonderhede van die Teler aan wie die bul geleen is
- Die tydperk wat die bul aan die teler geleen was.

Kalf wat saam met moer aangekoop is:

Indien die kalf nog te jonk is om te brandmerk wanneer die diere aangekoop word, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die vorige eienaar moet die geboorte aanmeld.
- Die kalf moet gebrandmerk word met die vorige eienaar se KKM.

7. KUNSMATIGE INSEMINERING (KI)

- Alle bulle wat vir KI gebruik word moet deur die Genootskap en Stamboek goedgekeur word as KI bul en dit sal dit goedkeuring op die stelsel genoteer word.
- Aansoek om goedkeuring moet by die Genootskap gedoen word en twee Senior Keurders sal die betrokke bul inspekteer om te verseker dat die bul geskik is vir KI doeleindes.
- Die bul moet by ‘n goedgekeurde KI-stasie in kwarantyn geplaas word en moet spesifieke toetse slag.

Ander belangrike aspekte:

- Ouerskap van KI-bulle moet bevestig word deur middel van DNS.
- Individuele telers mag onbeperkte hoeveelheid semen van hul eie bulle opvang en hoef die bulle nie goedgekeur te word as KI bulle nie.
- Indien die eienaar van die bul waarvan semen getap is, die bul sou verkoop, moet hy die koper skriftelik in kennis stel van die aantal strooitjies wat hy, terughou vir eie gebruik.

8. AANMELDING VAN EMBRIO KALWERS / IN VITRO OORPLANTINGS

- Ouerskapverifikasie deur middel van DNS is verpligtend.
- Skedule O Vorm moet deur ‘n veearts of embrio-oorplaser voltooi word en hierdie vorm moet tesame met die geboortekennisgewing aan Stamboek voorsien word.
- Die moeder moet op die stelsel aangetoon word as ‘n embrio skenker.

9. DRAGTIGHEIDS- EN INTERKALFPERIODES (TKP)

- Die standaard dragtigheidsperiode is 287 dae. ‘n Minimum periode van 266 dae en ‘n maksimum van 308 dae sal egter toegelaat word
- Die eerste kalf van die koei moet voor die ouderdom van 42 maande gebore word. Die tweede kalf moet binne die volgende 24 maande gebore word.

- Geen dragtigheid buite bogenoemde tyd sal aanvaar word sonder die toestemming van die Raad nie.
- Die minimum toelaatbare periode tussen twee agtereenvolgende kalwers uit een koei, is 271 dae.
- Neem kennis dat wanneer ‘n moeder haar TKP oorskry, sy nie op ‘n veiling onder beskerming van die Genootskap verkoop kan word nie. Sy kan steeds vir voortplanting gebruik word en ook uit die hand verkoop word, maar die penalisasie sal steeds geld vir die nuwe eienaar. Die kalf word egter nie gepenaliseer nie.

10. VEILINGS

Geen vroulike dier sal onder beskerming van die Genootskap verkoop word indien die ondergenoemde nie aan voldoen is nie:

- Moeder moet voor ouderdom 42 maande kalf.
- Gesertifiseer word deur ‘n veearts indien dragtig wanneer ouer as 30 maande.
- Die moeder ‘n tussenkalfperiode van 730 dae oorskry.

11. INSPEKSIES / KEURINGS

- Elke teler kry een gratis inspeksie per jaar. (Let daarop dat ‘n jaar begin op 1 Julie en eindig op 30 Junie van die volgende jaar.) Inspeksies word dienooreenkomstig beplan en telers sal vroegtydig van die inspeksie in kennis gestel word.
- Indien ‘n teler ‘n ekstra inspeksie verlang, sal dit teen heersende tariewe vir die teler se rekening wees.
- Alle geregistreerde diere tussen die ouderdom van 12 tot 36 maande moet gekeur word.
- Bulle word gekeur voor of op 24 maande en ouer. Vroulike diere word gekeur op tussen 15 tot 36 maande en ouer.
- Alle diere wat vir keuring aangebied word moet gebrandmerk wees, anders sal die keuring nie plaasvind nie.
- Voor ‘n bepaalde keuring plaasvind sal die Genootskap aan die teler ‘n inspeksielys stuur van diere wat gekeur moet word.

12. OORDRAGTE

- Diere wat aan ‘n ander teler / persoon verkoop word moet na daardie persoon se kudde of naam oorgedra word.
- Stamboek moet skriftelik in kennis gestel word van die oordrag. Inligting wat belangrik is om die oordrag te kan afhandel is as volg:

    - Die ID of rekenaarnommer van die dier wat oorgedra moet word.
    - Die teler se naam en van en lidnommer.

- Indien dit 'n kommersiële boer of nie-lid is, verlang ons naam en van, posadres en selfoon nommer.
- Datum waarop die dier verkoop is.
- Oordragkoste beloop dubbel die per kapita fooi soos bereken op die afdeling van die Kuddeboek waarin die dier aangeteken is. Die verkoper is verantwoordelik vir die betaling van die oordrag, tensy anders ooreengekom word met die koper. Die Genootskap en Stamboek moet in kennis gestel word van die besluit oor wie die oordragskoste betaal.

- Oordrag van 'n dragtige vroulike dier :
  Die verkoper moet 'n sertifikaat voorsien wat aandui wat die naam, identifikasie en registrasienommer van die vaar van die kalf is, asook die dekkingsdatum, of die manlike dier met wie se semen die koei geïnsemineer is en die inseminasie datum.

13. <u>KANSELLASIE EN HERINSTELLING VAN DIERE</u>

- Diere sal gekanselleer word indien hulle gevrek, gekastreer, gesteriliseer of vir slagdoeleindes verkoop word.
- Diere kan wel weer met toestemming van die Raad heringestel word. Herinstelling van diere is onderhewig aan dubbel die per kapita fooie soos van toepassing per afdeling van die Kuddeboek van die dier.

PER KAPITA FOOIE VIR 01 JULIE 2014 tot 30 JUNIE 2015

Afdelings van Kuddeboek	**Fooi betaalbaar**
Hulpstamboek A + B	R33-00 Per Dier
Hulpstamboek C en Volgeregistreerde Diere	R46-00 Per Dier

14. <u>GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE</u>

- Indien een of meer telers 'n aandeel besit in 'n bul, moet dit by Stamboek aangeteken word sodat die nodige notering op die stelsel aangebring kan word. Die volle naam en adres van elke mede-eienaar moet aangeteken word.

15. BEDANKINGS EN SKORSING VAN LEDE

15.1 <u>Bedanking van Lidmaatskap</u>

- Enige lid mag by die Genootskap bedank maar moet een (1) maand skriftelike kennis gee voor die einde van die finansiële jaar.
- Alle gelde aan die Genootskap verskuldig moet ten volle betaal wees en alle ander verpligtinge soos registrasies, oordragte, ens. moet afgehandel wees.

15.2 <u>Skorsing van Lede</u>

Die Raad mag ‘n lid skors of ‘n lid se dienste opskort indien:

- Versuim om enige bedrag verskuldig aan die Genootskap te vereffen binne 30 dae na ‘n skriftelike aanmaning.
- ‘n Lid oneerbaar of afbrekend teenoor die Genootskap opgetree het.
- ‘n Reël of die Grondwet van die Genootskap oortree het.
- Skuldig bevind is van oortreding van die Wet.
- Alvorens ‘n lid egter geskors word, sal die Genootskap die lid dienooreenkomstig in kennis stel 30 dae voor die datum van die volgende Raadsvergadering waar sodanige skorsing behandel sal word. Die lid sal die geleentheid gebied word om sy kant van die saak aan die Raadsvergadering voor te lê.
- ‘n Geskorste lid sal skriftelik van die skorsing in kennis gestel word binne drie (3) dae nadat die besluit omtrent die skorsing bekragtig is deur die Raad.
- Die geskorste lid se naam kan uit die kuddeboek en ander registers verwyder word en alle diere van hom mag gederegistreer word.
- Vanaf datum van skorsing sal geen diere wat geteel word oorgedra of geregistreer word nie.
- Enige geskorste lid bly verantwoordelik vir die betaling van alle gelde deur hom/haar verskuldig aan die Genootskap tot datum van skorsing.